**13 Junie** **Skrifgedeelte: Genesis 1:1-2:4**
**Fokusgedeelte: Genesis 1:1 en 2:4**

**Die geskiedenis van die skepping**

God is die begin van alles wat bestaan. Hy is die Skepper. Daarmee begin die Bybel. God het alles, ook die mens, *goed* geskape. Hy is in beheer van alles wat Hy geskep het. Hy het ook man en vrou gemaak en hulle in die tuin van Eden geplaas.

Die geskiedenis van die skepping leer ons oor God, maar ook oor onsself. Oor God leer ons dat Hy as Skepper almagtig is. Kyk net na die manier waarop Hy geskep het – Hy het net gepraat en dit was daar. In Psalm 33:5 sing ons: "Die Heer se Woord is skeppingsmagtig. Hy spreek net en dit het geskied ..." Verder beheer en versorg God sy skepping, vandag nog.

Oor onsself leer ons dat ons waardevol is vir God, want ons is na sy beeld geskape. Ons is verhewe bo die diere. Ons het 'n groot verantwoordelikheid as God se verteenwoordigers op aarde. Ons moet die skepping ondersoek, benut, bewaar en daaroor heers. Jy is so kosbaar vir God dat sy eie Seun se liggaam gebreek en sy kosbare bloed vergiet is, vir jou.

Onthou dat die skepping nie net 'n teorie is nie. Nee, dit is feit. Genesis 2:4 sê: "Dit is dan die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskep is."

*Sing: Psalm 33:5* *Ds. W Vogel (Cachet)*